KAMMANUUS
Nommer 398 8 Junie 2015
'n Publikasie van Onsdorp.com

ANDERKANT DUSKANTLAND

Ek leer in Manilla wat massering regtig is

Hoofstuk 2 Deel iii

My nuwe baas het my reguit Manila toe gestuur, via Hongkong. Soos hy oor die telefoon verduidelik het, was ons missie om te gaan probeer om 'n Suid-Koreaanse maatskappy uit die gemors help. Ek sou op terrein eers uitvind dat daar net twee onse in sy pond was, ek en 'n nat-agter-die-ore jong Engelsmannetjie, Zack, met 'n houding wat vir niks skrik nie. Nadat ek sy hoeke afgestamp het, was ons groot maats. Later het ons sy troue in Cornwall bygewoon

Gou kom mens agter hoekom ons Suid-Afrikaners is so gewild as oorsese werkers is. Ons is goedkoop arbeid, ons is betroubaar en effektief. Ons Boertjies is bekend daarvoor dat ons 'n plan kan maak, veral dié wat uit die Kalahari kom. Ons maak dinge reg met so min soos 'n stukkie tjoep, 'n lengte bloudraad en 'n draadtang. Maar ek loop die storie vooruit. Om eers net op terrein te kon kom, was 'n ervaring op sy eie.

Geen wonder dan ook dat hulle my besigheidsklas gevlieg het nie, en in 'n vyf-sterhotel laat slaap het die eerste aand nie. Op pad daarheen was ons eerste grondvat nog op die ou lughawe van Hongkong. Mensig, was dit nou 'n belewenis! Omdat ek voor in die vliegtuig gesit het en langs die venster, was die hele ervaring net nog meer realisties en skrikwekkend.

Toe ons die oggend uit die wit miswolkies neerdaal vir die landing, het ek my verkyk aan al die eilandjies en die honderde bote wat die see heen en weer in alle rigtings oorkruis. Ons mik reguit vir Kowloon, 'n digbevolkte gebied met een na die ander woonsteltoring styf ingeryg soos soldaatjies langs mekaar. Maar nêrens sien ek 'n landingstrook nie.

Laer en laer sak ons af. Ek hoor hoe die vliegtuig se wiele uitgeskop word. Senuweeagtig kyk ek rond of die ander passasiers nie ook sien wat aan't gebeur is nie. Ons gaan binne in die stad land! Ons daal so laag dat ons tussen die geboue deur vlieg! Of so lyk dit vir my.

Ek en 'n Sjinese tannie wat staan en brekfis maak in haar woonstel, kyk mekaar in die oë. Dan is die geboue skielik weg en verskyn die lughawe vlak voor ons. Net sekere vlieëniers was toegelaat om daar te land, en met goeie rede. Ook nie te gereeld nie. Twee ure later styg ons weer op. Die keer darem nie geboue se kant toe nie.

In Manila neem die taxi drie ure van die lughawe tot by die hotel. Niks verder as net tien kilometer nie. Die Mandaryn-hotel in Manila se Makati-distrik is vyfster verby. Mens voel of jy in 'n woonstel bly. Die klerekas is van die inlooptipe en daar hang 'n sagte wit katoen kamerjapon bokant netjiese insteek pantoffels .

Na 'n smullekker aandete wat onder silwer doppe en op trollies ingestoot is in my voorkamer, skakel ek die spa. Wil ek afkom of moet hulle iemand kamer toe stuur? Kamerdiens natuurlik.

Manila is die bakermat van my liefde vir massering. Dis daar waar ek daaraan verslaaf geraak het. Dapper muis kies toe die volle liggaamopsie.

Wees gewaarsku, alle voornemende uitwykers uit Suider Afrika, die definisie van wat 'volle' beteken, verskil nogal drasties van land tot land. Doen eers jou huiswerk en weet wat om te verwag alvorens jy daardie deel van die spa-spyskaart probeer.

Van toe af moes ek net eenvoudig in elke nuwe land hulle eie styl en tegniek toets. Maar dis 'n boek op sy eie.

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

HET JY GEWEET?

Die Vatikaan se vroueskietspan is in 1938 ontbind omdat die pous gedink het dis nie goed vir die kerkse beeld nie.
Suster Juliette (heel regs) het die orde in 1942 verlaat en haaras 'n skerpskutter by die Franse ondergrondbeweging aangesluit. Sy het verskeie Nazi-amptenare doodgeskiet.

Geboortebeperking

Bejaarde tante se antwoord op hoe hulle in die ou dae geboortebeperking toegepas het:
"...vóór die laaste gesang verlaat jy die kerk..."
Afrikaans is 'n wonderlike taal!

Annerlike Afrikaans

♦Op die plaas raakgehoor:
'n Werker het lank gras gekap en sy arms was die aand so moeg dat hy die kombers met sy tande moes optrek.

♦"Daai perd is vinniger as 'n phone call" en "Daai bakkie is so stadig, die motte vlieg in die agterruit vas."

♦Die naam vir 'n baba wat die heelnag huil? Nagskollie.

♦Kyk hier: Jy praat 'n hond uit 'n bos en 'n dooie jakkals aan die draf – praat sonder ophou.

Limeriek

'n Maer klein umfaan van Umtata
hoor hoe sing 'n sopraan van Sumatra
maar toe hy ook probeer
kry sy keeltjie net seer
en sy sitvlak 'n skop van sy tata.

ONS DORPIES (5)

Trichardt

Die dorpie het ontstaan toe die NG Kerk 'n nuwe gemeente hier gestig en ook 'n dorp geproklameer het in 1906. Die dorp was eers Trichardsfontein genoem, na Carel Trichardt, die oudste seun van Louis Tregardt. Mettertyd is die naam verkort na Trichardt.

- Swart 20.0%
- Kleurling 3.1%
- Indiër/Asiër 14.3%
- Blank 61.6%
- Ander 1.0%
- Afrikaans 59.9%
- Engels 19.9%
- Zoeloe 7.2%

Historiese humor

Rev. Edward Everett Hale toe hy gevra is of hy vir die Amerikaanse senators bid:
"Nee. Ek kyk na die senators, dan bid ek vir die land."

Die herkoms van gesegdes (48)

Uitblaker: Alles uitblaker ('n geheim rondvertel)
Blaken en blakeren het albei reeds in Middelnederlands met "brand, gloei" verband gehou. Uteblaken het beteken "uitwaai, uitasem" – dus versprei, soos 'n vuur.

Uitgedruk: Iemand is sy pa (ma) uitgedruk (iemand lyk presies soos sy pa of ma. Na aanleiding van die koekafdrukker waarmee die een koekie na die ander met presies dieselfde vorm uitgedruk word.

Uithaal: Uithaal en wys (jou woord gestand doen; 'n aanspraak laat waar word). Gesê as iemand op iets aanspraak maak en dan moet bewys dat hy geloofwaardig is. Die beeld is gevorm met geld in gedagte wat uit die sak gehaal moet word.

Duskantlander in Anderkantland

'n Handvol krummels

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

Ons is vars terug van 'n twee weke besoek in Namibië. In my hart voel ek weer rustig, want terwyl ek weg was, het ek tog my Ghana huisie gemis. Natuurlik sal ek nie waag om so iets aan iemand te noem nie. Hulle dink reeds my bont varkie is nie meer op hok nie. Almal het maar hulle week se roetine. Myne sluit in koffiedrink op die stoep en fluit vir die papegaaie. Hulle fluit vir my terug – rêrig!

Ligdag is net na vyf in die oggend. Slaap is my nie meer beskore nie, want 'n swart voël tik met sy geel bek aan my venster. Dis nie omdat hy sy weerkaatsing bewonder nie – hy's lekkerbekkig! Vroegoggend vroetel ek in die kombuis vir 'n handvol krummels, voëlsaad en pap vrugte.

Met my bedkop, pienk japon en tossel pantoffels sluip ek koffie in die een hand na die stoep. Voor my stoep is die peanut gallery reeds besig om op en af te stap en wip van ongeduld. Twee dik duiwe, 'n paar windgat mossies en verbouereerde vinkies hop rond in agwagting op hulle buffet.

Ek wonder of hulle elke dag gewag het toe ek landuit was. Dis die eerste oggend terug en hulle wag my in – stuur hulle 'n bosboodskap vir mekaar "hoep-hoep, sy's terug"? Hoe weet daai swartvoëltjie waar's my slaapkamervenster?

Die papegaaie kry hierdie week se vrugte wat aan die afgaan is. Hulle is neusoptrekkerig, want hier is honderde mangobome watse takke swaar dra aan hulle vruglading. Drie jaar reeds bekyk ons met verwondering die African Grey rooistert wildepapegaaie wat broei in die dak. Google sê hulle vrek wanneer hulle avokado's eet en kan tussen sestig en tagtig jaar oud word.

Daar's reeds agt pare gaaie wat konstant om ons draai en ons koggel. Wanneer ons in die swembad is, fluit hulle hoog van die dak en vlieg lae draaie oor ons koppe wanneer ons nie genoeg na hulle sin deelneem aan die gefluitey nie. Hulle herken jou op 'n lang afstand en skree opgewonde as jy uitstap na jou mouter toe. Dan rol jy maar die venster af en ruil 'n paar fluite deur die venster voor jy wegtrek.

Dis maklik om tred te hou want hulle bly in 'n groep bymekaarkom. Onder hulle is ene wat definitief uit 'n Suid-Afrikaner se huis ontvlug het, want hy fluit Jan Pierewiet en vloek soos 'n matroos. Hulle en daardie groen Love Bird-gaaie is inheemse spesies hierlangs.

In slakverkeer kom swaai straathandelaars verskrikte African Greys in piep klein draadhokkies voor jou mouter se vensters. Dit verg wil van staal om nie als te wil opkoop en vrylaat nie, maar soms is hulle so jonk dat hulle pas eerste vere wys.

Baie ekspats koop wel die piepjong papegaaitjies, sonder om te besef: 'n lang verhouding is hulle nie beskore nie Cameroons – die soort donkergrys, rooistert papegaaie van Wes-Afrika is beskerm onder die Cites-wetgewing wat bepaal dat hulle onder geen omstandighde oor landgrense verhandel of mag reis nie.

Hier naby woon 'n Indiese vrou, sy tsk-tsk hoorbaar elke keer wanneer ek voëls voer. Dis nie asof ek 'n verhongerde duif hierlangs sien nie, en daars geen risiko dat hulle my vinger gaan afbyt nie. Miskien weet sy dat dit wat opgaan, moet afkom, en pla die spatsels op haar stoep haar?

Ek het 'n spelerige geel streepkat sonder voëlvangtalent. Sy boer op my stoep en die voëltjies so op haar voorstoep verskaf ure se vermaak. Die bonus is daars geen voëlmis spatsels op mý stoep nie.

"Ons kan nie almal helde wees nie, iemand moet langs die pad staan en hande klap."
"Hy dink die son skyn by sy agterent uit, maar dis eintlik net die Duiwel met 'n flitslig."

Die beste manier vir 'n vrou om haar sorge te vergeet, is om skoene te dra wat haar druk.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



Wanneer die boonstes afkyk, sien hulle net mis. As die onderstes opkyk, sien hulle net poepholle.

WARE VRIENDKAP

Die man bring sy beste gholfmaat nadat hulle gespeel het om 18:30 onaangekondig huis toe vir aandete.

Sy vrou is histeries en raak aan die skree, terwyl die gholfmaat oopmond na haar tirade luister.

"Ek het nog nie my blerrie grimering aangesit nie en die huis is 'n donnerse gemors - kyk hoe hoog staan die skottelgoed!

"Kan jy sien ek is nog in my f-kk-n pajamas en ek gaan verdomp nie vanaand kos maak nie! Hoekom bring jy die man hier aan sonder om my te laat weet, jou donnerse idioot!"

Haar man antwoord: "Want hy dink daaraan om te trou."

AL WEER BLONDIE

Hoe herken jy 'n blondine by 'n begrafnis?
Dis die een wat die ruiker probeer vang.

RUGBY

"Hannes, hoekom speel jy nie meer rugby nie?"

"My ma sê dis nie goed vir my altemit nie."

"Jou wat?" vra Meneer.

"Ja my ma sê ek sal my altemit seermaak".

PANIEKERIGE MA

"My ma is so paniekerig," kla die tiener. "Een hoesie, en sy dink ek het brongitis. 'n Bietjie hoofpyn, en sy sweer dit moet 'n breingewas wees. En laat ek net een leuentjie vertel, dan dink sy ek wil 'n politikus word."

KLEREGEHEIM

Twee mans in die klerebedryf gesels.
Eerste man: "Ek verstaan dit nie: Ek steel my materiaal, en jy klop my steeds met jou pryse."
Tweede man: "Die geheim is om die middelman uit te skakel: Ek steel my klere klaargemaak."

GETROUE WERKER

Die baas het 'n werknemer na sy kantoor ontbied en gesê:
"Simon, ek weet jy is nie die slimste werknemer wat ons het nie. Jy is dalk bietjie stadig, maar jy het nog nooit 'n enkele dag vir siekte of gesinsredes weggebly nie.
"Ek wil jou graag beloon vir jou goeie rekord. Hoe klink 'n nuwe motor vir jou?"
Simon het 'n rukkie gedink en antwoord toe:
"Wroem-wroem?"

Moet nooit vir iemand lag wat gebroke Engels praat nie. Dit beteken hy ken ook 'n ander taal.

HÄGAR deur Chris Browne

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

"Daar is te veel sand op die strand"

Thomas Cook Vacations het hierdie klagtes van ontevrede vakansiegangers ontvang:

1. "Op my vakansie in Goa, Indië, was ek gewalg omdat amper elke restourant kerrie bedien het. Ek hou niks van kos wat vol speserye is nie."
2. "Hulle behoort nie bostuklose vroue op die strand toe te laat nie. Dit het my man se aandag afgetrek en ek wou net ontspan."
3. "Ons was in Spanje en ek het 'n probleem met die taxidrywers gehad want hulle het almal Spaans gepraat."
4. "Ons het 'n ekskursie na 'n waterpark bespreek, maar niemand het gesê ons moet ons eie swempakke en handdoeke bring nie. Ons het aanvaar dit is by die prys ingesluit."
5. "Daar was te veel sand op die strand. Ons moes alles skoonmaak toe ons in ons kamer terugkom."
6. "Die sand was nie soos die sand in die brosjure nie. Julle brosjure toon wit sand, maar dit was meer geel van kleur."
7. "Die winkels in Puerto Vallartato is lui. Ek moes dikwels goed in siestatyd koop en dit moet verban word."
8. "Niemand het vir ons gesê daar is vis in die water nie. Die kinders was bang."
9. "Die brosjure het gesê die kombuis is ten volle toegerus, maar daar was niks waarmee ek 'n eier in skyfies kon sny nie."
10. "Ek dink die brosjure moet sê die plaaslike winkel hou nie regte beskuitjies soos custard creams of gemmerkoekies aan nie."
11. "Die paaie was baie ongelyk en stamperig en ons kon nie die plaaslike gids op die bus lees nie. Ons was dus onbewys van baie goed wat die vakansie beter sou gemaak het."
12. "Ons moes nege uur lank van Jamaika na Engeland vlieg. Die Amerikaners het net drie uur lank gevlieg om by die huis te wees. Dis baie onregverdig."
13. "Ons eenkamersuite was baie kleiner as ons vriende se driekamersuite."
14. "Daar was gans te veel Spanjaarde in Spanje. Die ontvangsdame was Spaans, die kos was Spaans. Niemand het ons gesê daar sal so baie buitelanders wees nie."
15. "Ek is deur 'n muskiet gebyt. Die brosjure sê niks van muskiete nie."
16. "My verloofde en ek het tweelingbeddens bespreek, maar ons het 'n kamer met 'n dubbelbed gekry. Ons hou julle nou verantwoordelik en ons wil vergoed word omdat ek swanger geraak het. Dit sou nie in die regte kamer gebeur het nie."

WEES VERSIGTIG! HULLE LOOP TUSSEN ONS ROND EN HULLE HET STEMREG!

Stamboom

Help ons familiesoekers

BOSHOFF veronicafourie@ymail.com
Soek inligting oor Petrus Filipus Boshoff gebore 3Mei 1905, Springfontein distrik Phillipolis. Oorlede 1 Junie 1956 Trompsburg

COETSEE siasheleen2@telkomsa.net
Ek het alreeds die Coetsee stamboom nagevors maar ek is opsoek na my ouma aan vaderskant se familie. Haar name was Catharina Fredrieka van Niekerk getroud met Nel, Coetsee en Venter. Gebore 1883 sterf 1965 Schweizer Reneke.
Catharina Fredrika Van Niekerk Gebore 1883 Sterf 1965 Schweizer Reneke.

CRONJE marinda@e-con.co.za
Sal graag die familie boom wil sien. Pa Cornelius Coenraad Cronje seun van Pieter & Marie Cronje plaas nooitgedag, Newcastle.

JANSEN VAN VUUREN bbproperties@iway.na
Ek is op soek na afstammelinge van ene Susanna Aletta Jansen van Vuuren. Sy was getroud met Jan Sarel Marthinus "Louis" Venter. Hulle het een doger gehad met die naam Barabra Jacoba Christina Venter gebore: 23.1.1913 en oorlede:20.2.1958. Sy was getroud met Theunis Cornelius (Oubok) Buys. Sy het nog 1 suster en 4 broers gehad, soos ek verstaan maar het nie enige verdere info. Asb enige iemand wat kan help! Groot asb. Kontak Brunhilde Buys Email: bbproperties@iway.na

RAATZ raatzmoira@gmail.com
Hendrick James Daniel Raatz. Gebore 16/04/1911 Touwsrivier. Ouers John en Katriena Raatz. Gedoop in die Berlynse Evangeliede Sendingskerk, Laingsburg, Oorlede in Kaapstad 28/02/1967

RHEEDER lana.rheeder@yahoo.com
My oupa was Cornelius Benjamin Rheeder. Ek het nie veel meer inligting oor hom nie. My pa is Philipus Johannes Antonie Rheeder. Hy is gebore op 10 April 1940. GEtroud met Franscina Helena Barendina op 18 April. Sy is gebore op 4 Februarie 1949.

SMITH maizie.s@dear.net.nz
Sou graag skakel met een of meer van my niggies en neef, Hilna, Essie en Dessie Botes. Het hulle laas gesien in die jare vyftigs by die begrafnis van hulle vader(my Oom Bos Botes). Hulle moeder se naam was Thora. Ek staan nou einde se kant toe en sou graag wou weet wat van hulle geword het.
Groete May Smith

TEMPEL / VAN DER MERWE stempel@vodamail.co.za
Ouers: Jan-Hendrik Tempel en Aletta Van de(r) Merwe(de).
Pa se Ouers: Douwe Tempel en Adriana Oosthuizen.
Ma se Ouers: Fred Van de(r) Merwe(de) en Elizabetha Magrietha Johanna Zowitzkey.
Grootjies: Izak Jacobus Van de(r) Merwe(de) en Aletta Johanna Cecilia Christina Uys, Douwe Tempel en Petronella Zacharia Coetzer, Zacharias Andrias Zowitzkey en Catharina Louisa Maria Sophia van Niekerk, Jan Hendrik Oothuizen en onbekende moeder.
Stamvaders: Hendrik-Jan Tempel(kom hier aan 1888); tr Hinderkien Rypma en Willem Schalksz(oon) Van de(r) Merwe(de)(kom hier aan 1661); tr Elsje Cloete.

VAN VUUREN veronicafourie@ymail.com
Ek is op soek na inligting oor Herculas Frederik van Vuuren, gebore 24/11/1900 en oorlede 11/4 1965. Getroud met Jacoba Aletta Catharina Johanna Verwey, gebore 1907 en oorlede 1950

VERWEY veronicafourie@ymail.com
Tobias Johannes Jacobus Verwey
Oorlede 2 Julie 1938. Getroud met Hester Magdalena Maria Verwey

ZEEMAN gamswart@gmail.com
Vader: Jacob Stephanus Zeeman. Gebore 30 Julie 1912.

Geld kan vir jou 'n goeie hond koop, maar hy sal net sy stert swaai as jy vir hom goed is.

As jy begin om 'n kat te streel, het jy lewenslank 'n taak.

Só werk dinge tussen Israel en Palestina

wanneer 'n vlieg in 'n koppie koffie val

DIE ITALIANER – gooi die koppie stukkend en stap woedend weg.

DIE DUITSER – was die koppie versigtig, steriliseer dit en maak 'n nuwe koppie koffie.

DIE FRANSMAN – verwyder die vlieg en drink die koffie.

DIE RUS – drink die koffie met die vlieg omdat daar nie 'n ekstra fooi vir die vlieg is nie.

DIE ISRAELI – verkoop die koffie aan die Fransman, die vlieg aan die Chinees, die koppie aan die Italianer en drink 'n koppie tee. Hy gebruik sy wins om iets te ontwerp wat keer dat vlieë in koppies koffie val.

DIE PALESTYN – blameer die Israeli vir die vlieg in sy koffie en dien 'n klag van agressie by die VN in. Hy kry 'n lening by die Europese Unie om 'n nuwe koppie koffie te koop, gebruik die geld om bomme te koop en blaas die koffiehuis op waar die Italianer, die Fransman, die Chinees, die Duitser en die Rus almal die Israeli probeer oortuig dat hy sy koppie tee vir die Palestyn moet gee sodat daar vrede kan wees.

Dink net —

Kinders wat in 1992 gebore is:

•• Gee glad nie om wie JR geskiet het nie. Hulle weet nie eens wie JR was nie.

•• Dink vigs was nog altyd deel van die lewe.

•• Het geen idee hoe 'n tikmasjien werk nie.

•• Het nog net van apartheid gehoor.

Die kroegman het dikwels beter raad!

Sedert kindsbeen het Marnus al die vrees dat iemand onder sy bed wegkruip. Hy besluit om 'n psigiater te besoek en vertel hom van sy fobie.

"Elke keer wanneer ek gaan slaap, is ek vreesbevange daar is iemand onder my bed. Dit dryf my tot waansin."

"Plaas jou vertroue in my,"sê die psigiater. "Kom spreek my drie maal per week, vir 'n jaar lank. Ek sal jou kan help om van jou vrese ontslae te raak."

"Wat gaan dit my kos?"

"Dit sal seshonderd rand per besoek wees."

"Dankie, ek sal daaroor gaan dink," antwoord Marnus. Na sowat ses maande loop die twee mekaar weer raak.

"Waarom het jy my nie toe kom sien nie?"

"Nadat ek daar by jou weg is, het ek 'n dop gaan drink en my lot by die kroegman. bekla. Ons het uitgewerk dat teen seshonderd rand per besoek, dit my R153,000 sal kos!

"Die kroegman het toe aangebied om my gesond gemaak vir net R20! Dis die beste R20 wat ek nog ooit bestee het. Ek was so verheug dat ek summier vir my 'n nuwe VW Polo gekoop het met die geld wat ek gespaar het."

"Is dit so?" sê die psigiater smalend. "En hoe, as mag ek vra, het die kroegman jou genees?"

"Hy het vir my gesê om die bed se pote af te saag. Daar is nou geen manier wat iemand onder my bed kan wegkruip nie!"

Die les: Dis altyd beter om 'n tweede opinie te kry.

Vergeet psigiaters, drink 'n dop en raadpleeg die kroegman.

Kyk hoe help
KOSBLIKKIE
kos in die magies sit!

KAMMANUUS se Helpende Hand-projek

Hallo Hendrik,

Baie dankie vir julle donasie. Ek gee graag bietjie terugvoer oor die projek. Die Kosblikprojek wat in April afgeskop het vorder baie goed. Altesame 63 skole en 4406 kleuters baat by die projek. Inkopiekaarte is reeds na skole versprei en die skole het ons in trane gekontak en bedank vir die hulp.

Talle kleuterskole kan met die inkopiebewyse hulle spyskaarte aanpas en beter voeding aan die kinders gee. Die skole het ook reeds hulle hulpgidse ontvang wat wenke vir skole gee asook 'n voorbeeld spyskaart.

Skole moet teen einde Junie hulle eerste kwartaal se strokiebewyse weer terugstuur. Die volgende stel kaarte word in Julie uitgereik.

Die eerste skole het ook reeds hulle vitamien-aanvullings ontvang en die res word in die eerste week in Junie versprei. Die vitamiene gaan veral help om die kinders se immuniteit hoog te hou tydens die wintermaande.

Aangeheg is foto's van 'n projek oor gesondheid en higiëne deur een van ons takke by 'n skooltjie in Booysens, Pretoria.

Groete
Michellé Burger
Projekorganiseerder
Solidariteit Helpende Hand
(t) 012 644 4390/2019
(f) 086 218 3216

Vir elke SMS wat jy stuur, ontvang Helpende Hand R5 vir 'n bordjie kos. Stuur vandag nog die woordjie **BORD** na **36930.**

Mense wat groter bydraes – eenmalig of per aftrekorder – wil maak, kan hierdie besonderhede gebruik:

HJ Greeff
FNB Hermanus - Takkode 200 412
Bob Spaarrekening
Nommer: 60379199926

Die priester se groot versoeking

Die priester sien 'n non loop en bied aan om haar op te laai. Sy het ingeklim en haar bene gekruis, wat veroorsaak het dat haar gewaad 'n stukkie been ontbloot het.

Die priester het amper die kar omgegooi, maar kry weer beheer en skuif sy hand stadig teen haar been op.

Die non sê: "Vader, onthou jy Psalm 129?"

Die priester het sy hand verwyder, maar dit weer laat opglip toe hy van rat verander.

Non: "Vader, onthou jy Psalm 192?"

Die priester het verskoning gevra: "Jammer, Suster, maar die vlees is swak."

Toe hulle by die klooster kom, het die non net gesug en uitgeklim.

Toe die priester by die kerk kom, het hy hom na die Bybel gehaas en Psalm 129 opgesoek: "Gaan voort en soek verder op waar jy glorie sal vind."

Die les is: As jy jou beroep nie deeglik ken nie, mag jy dalk 'n groot geleentheid misloop.

Naskrif: Dis nie wat regtig in die Psalm staan nie.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

> Saans verby tienuur, ná 'n dag op sy voete in die somerhitte by die braaidrom, is hy asgrys van uitputting.

Deur ANNELIE BOTES

In 1993 was ons Rudolph-kind in die outydse st.8. Een van sy hartstogtelike begeertes was 'n musiekmasjien om sy kassette op te speel en na Radio Algoa te luister. Hy flikflooi en skimp vir só 'n Krismisboks.

"My kind," ek sit my juffroustem op, "dis selde dat begeertes uit die lug op 'n mens neerreën. Ma dink jy moet 'n plan uitwerk oor hoe jy in die Desembervakansie 'n inkomste kan genereer. Dan koop jy jou eie kassetspeler met jou eie geld."

"Maar, Ma . . .?" Ek glimlag. "Van bakhand lewe kom jy nêrens, my kind. Jou oupa Dick het gesê 'n mens moet dink en dink hoe die muishond stink. Nou is dit jóú dinktyd."

Die volgende Vrydag op pad huis toe van Gill College se koshuis af lê hy sy plan uit. Hy gaan oom Jan Labuschagne van Bedford se Standard Bank vra of hy tot Kersfees 'n halwe braaidrom in die hoek van die bankjaart onder die jakarandaboom kan staanmaak. Dan verkoop hy boereworsrolle en bakkies mieliepap met kerriemaalvleis aan algar wat vir die groot Krismiskoop dorp toe kom.

"Tops. Ma sal jou soggens in die Kadett met al jou potte en bakke en hout soontoe karwei. Smiddae vyfuur sal Ma jou kom haal. Maar alles wat tussendeur gebeur, moet jy self doen. Van potte skrop tot by uie kerf. Reg so?"

Daardie Saterdagoggend kom hy met sy fiets terug van die dorp af en sê oom Jan by die bank sê dis reg met die braaidrom onder die jakaranda.

Hy sit ure met die sakrekenaar op die toilet en beplan. In die stilligheid help ek waar ek sien sy ervaring skiet tekort. Toe die Krismiskoors die dorp tref, staan die drom reg en daar hang 'n braaivleisreuk oor die dorp. Voor aandete op die eerste dag is die man se dagvoorraad uitverkoop.

Elke dag nader aan Krismis loop die stroom dikker. Dit beteken veel meer voorbereidings. Saans verby tienuur, ná 'n dag op sy voete in die somerhitte by die braaidrom, is hy asgrys van uitputting. Baie koolkoppe, bosse wortels, sakke uie en aartappels om te kerf en te skil.

Toe moet hy nog tot sy argwaan sy suster betaal om die potte kerrie en pap te help kook. En sy puntenerige moeder hou boek van elke halfkoppie kookolie, knoffelhuisie en lepel borrie wat uit háár koskaste geleen word.

Moenie dink my hart het nie na hom uitgegaan nie. Maar ek wóú hê hy moes aan sy eie kliere voel hoe harde werk 'n mens kan vorentoe stu in die lewe.

Ná Nuwejaar is ons Baai toe en hy kon sy musiekspeler koop. Hy het genoeg gehad om vyf te koop as hy wou. Met sy eie geld, gebore uit sy slawearbeid. Tot vandag is hy knaend vol planne, en 'n ekspert met 'n sakrekenaar op 'n toilet.

Elke keer as ek 'n boereworsrol-stalletjie sien, wil ekk wil glo ek het hom doerdie jare 'n ongelooflike guns bewys. Soms kan ongenade juis 'n genadige taktiek wees.